Gebed verander sake

In die lig van die al hoe groter wordende armoede probleem het ons enkele gebeds-riglyne geformuleer wat daarmee verband hou:

- Bid vir kerke om met praktiese oplossing te kom wat volhoubaar is. Meeste kerke is reeds in een of ander vorm daarby betrokke.
- Daar is gesprekke aan die gang rondom die vestiging van ‘n “shelter” of nagskuiling in Uitenhage. Bid vir ‘n praktiese werkbare plan daarvoor.
- Een van die langtermyn oplossings vir armoede is opleiding. Toegang tot opleidingsgeleenthede raak al hoe beter, maar daar is egter steeds massas jongmense wat glad nie opleidingsgeleenthede het nie. Bid dat meer van hulle toegang sal kry tot opleiding.
- ‘n Ander bekende oplossing is werkskepping. Arbeidsbeleid is ‘n groot hindernis wat besighede huiwerig maak om mense in diens te neem. Bid vir groter begrip en deursigtigheid by owerhede wat arbeids beleid formuleer en implementeer.
- Investering in ’n gemeenskap verhoog die hoeveelheid kontant in omloop wat ’n ketting-reaksie tot gevolg het. Bid vir ’n positiewe klimaat wat investering sal verhoog en veral vir die Metro om suksevol in hulle pogings daartoe te wees.
- Dis nou amptelik. Suid-Afrika het die luiste bevolking op aarde! Dit word gemeet aan die verskil tussen die getal mense wat kan werk en wat werkloos is, en die hoeveelheid van hulle wat aktief werk soek. Bid vir al die mense rondom ons wat nie weet waar hulle volgende ete vandaan gaan kom nie. Dat hulle sal uitkoms kry, dat die wat werk soek sal werk kry en dat die wat nie werk soek nie en kan werk sal lus kry vir werk!

Ons Visie: Om God se Koninkryk te vestig deur gebed, evangelisasie en maatskaplike aksie. **Ons Missie**: Gebed - Evangelisasie - Mobilisasie - Transformasie

ONS BESONDERHEDE

Tel:041-9228308 (huis)

Pierre Sel: 0833703592 Sugnét Sel: 0834014517

E-pos: outreach@global.co.za

Baie dankie aan almal wat ons ondersteun en vir ons bid!!!
Baie dankie aan NG Kerk Uitenhage-Noord vir hulle ondersteuning en NG Kerk De Mist -gemeente vir die gebruik van die huis.

GAP NUUS

“...verkondig elke dag Sy reddingsdade” - Ps 96:2

MRT 2011

Persoonlike Nuusbrief van Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

Liewe Vriende,

Ons persoonlike nuus is bietjie minder as gewoonlik want die res van die nuusbrief is volgeprop. Ons val met die deur in die huis. Die jaar het ‘n stadiger begin gehad het as gevolg van verskeie redes soos dit elders in die nuusbrief blyk. Die kinders se programme het egter opgemaak hiervoor met Pieter in die laaste pylvak en Eldi in die eerste pylvak van die hoërskool. Dankie vir almal wat Eldi bemoedig en bebid het vir haar aanpassing. Die vreemdheid het gou plek gemaak vir vasberadenheid om die nuwe sisteem onder die knie te kry en moet ons sê sy het dit baie goed reggekry. Die oorskakeling van Engelse na Afrikaanse onderrig was nie sonder probleme nie en het gesorg vir heelwat ligter oomblikke. Maar dit gaan ook al hoe beter en hoef ons al hoe minder te vertaal. Dis amazing hoe aanpasbaar kinders deesdae is!

Pieter het weggetrek waar hy verlede jaar opgehou het en het die jaar met entoesiasme beetgepak. Die groep pelle van hom, waarvan die meeste in die akademiese top tien is, dreun mekaar behoorlik op. Die wedywering het ’n baie positiewe uitwerking, wat ons taak baie makliker maak. Daar is nog nie duidelikheid oor die studierigting wat hy gaan inslaan volgende jaar nie, maar sal dit waarskynlik verband hou met sy huidige voorkeure, vakkeuses en aanleg in ingenieurs grafika en ontwerp, tegniese tekeninge en wetenskap en in ‘n mindere mate wiskunde. Sugnét het onlangs weer met haar kunsklasse begin te midde van lewendige belangstelling. In so ’n mate dat sy twee klasse per week kan aanbied. Die eerste jaar teken die “studente” oudergewoonte appels, piesangs en green peppers in potlood, in die tweede jaar kom die kleure by en daarna die verf. Dis maar ‘n lang curriculum maar blykbaar het die groot meesters ook by die appels begin.

Baie dankie vir almal se gebed, belangstelling en ondersteuning.
Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi.

Wat is nuut? In die vorige nuusbrief het ons verwys na die klemverskuiwing wat ons sedert die begin van verlede jaar mee besig was in ons werk en dit is om minder betrokke te wees by die strategiese beplanning- en implementering-sessies binne die Transformasie Netwerk (TCN), en om meer betrokke te raak by die alledaagse nood van mense. In kort kom dit daarop neer dat ons minder in vergaderings sit, minder Baai toe ry en meer tyd het om elders te spandeer. Mense se fisiese nood is iets wat ons nog altyd mee te doen gehad het, maar wil ons meer daarby betrokke raak omdat die nood so groot is. Die afgelope paar maande was, na die hoogtepunte van verlede jaar glad nie lekker nie en was, en is daar dae wat ons ernstig geworstel het met die pad vorentoe. Dis soos 'n sinkplaatpad in die Kalahari, jy kan ver voor jou uitsien, maar jy weet jy gaan jou niere uitskud op daai pad. Dan stop jy maar onder 'n boom, neem 'n sluk water, vee die sweet uit jou gesig uit en kyk 'n slag terug, en dan besef jy teruggaan gaan jy wragtig nie terug op daai pad nie, jy hou eerder aan!

Praktiese Oplossings. Deur die loop van verlede jaar het ons gewerk aan wat ons noem OFG's of te wel "Organic Food Gardens", in Afrikaans is dit seker Organiese Groente Tuine. Die doel daarvan is om 'n prototipe te ontwikkel wat mense sal help om selfonderhoudend te wees in die voorsiening van sekere van hulle basiese voedsel behoeftes soos mens dit daagliks benodig. In die proses van eksperimentering het ons ontdek dat insekte mal is oor die tipe van boerdery, want dis mos nou "groen". Dit is seker die grootste uitdaging in die organiese bedryf. Hulle noem insekte die gelykmakers. Daar is ook maniere om dit te hanteer en leer jy baie gou watter deel van die voedsel ketting jy so gou as moontlik uit jou tuin moet kry, of watter deel van die voedsel ketting jy moet inkry om daai deel van die ketting wat skadelik is vir die plante te help uitkry. Baie van die aktiwiteite gebeur in die middel van die nag, want goggas weet, mense slaap dan. Verder het ons geleer dat om kunsmis met organiese plantvoedsel (kompos) te vervang ook nie so maklik is nie, maar moet ek sê, die plante is mal daaroor en die grond verkies dit bo kunsmis. Ons het nog nie die volle resep nie en moet dit nog regkry dat die plant aanhou groei tot sy vrug, in die geval groente, ge-oes word. Maar ek dink ons is naby. Ons is in gesprek met 'n paar bestaande gemeenskaps projekte in die townships om hulle te help om "OFG's" te vestig. Hierdie gee vir ons 'n hulpmiddel wat ons toegang sal gee tot gemeenskappe en individue wat mens andersins nie sou gehad het nie, en wat ons sal help om guns te kry sodat ons mense met die Here se teenwoordigheid kan bedien. Daar is nog 'n

begeerte en nie meer 'n wet of 'n letter nie. Dit geld ook vir ons tiendes waar die numeriese getal van tien nie meer 'n wet is nie, maar 'n riglyn. Dit kan ook meer wees, self 100% soos in die arm weduwee se geval. Ons hoef egter nie meer met 'n skuldige gewete geld af te tel nie. Ons ondervinding is dat waar in kerke die gee van tiendes 'n lewenstyl uit dankbaarheid en liefde geword het daar groot seën is. Ek dink nie ons moet terugdeins om oor die onderwerp te praat nie. Die lewe gaan tog tot 'n baie groot mate oor geld!

Wanneer dit by die gee van offers kom is daar nie 'n numeriese riglyn nie. Offers word gegee bo en behalwe tiendes en is dit die individu se besluit oor hoeveel, en wanneer om dit te gee. Dit is 'n geloofstap omdat dit juis dit is wat dit sê dit is. Wanneer ons 'n offer gee, offer ons iets op wat vir ons kosbaar is, en in die geval is dit geld. Ons het gevolglik minder geld om dinge te doen wat ons eerder wou gedoen het. Ons voel dit aan ons lyf. Die gevolg hiervan is dat ons die Here moet vertrou om dit wat ons weggee deur ons offers, weer op 'n ander dikwels bonatuurlike manier terug te kry, of dan selfs meer terug te kry. Dit is 'n geloofstap. Ons gee iets weg wat ons nie het nie en vertrou ons vir iets in die plek daarvan. En dit beteken dat ons redelik gereeld die Here spesifiek daarvoor moet vra en herinner. Dit was nog altyd die beginsel agter die GBO sisteem gewees wat dit laat werk het, nou al amper 14 jaar lank. In die beginjare van die sisteem het ons gereeld gehoor hoe die Here op bonatuurlike maniere in mense se behoeftes voorsien het omdat hulle hom daarvoor begin vertrou het. Ek kan nog baie van die getuienisse onthou, van koeksisters tot verhogings, tot groter winste en bevorderings. Deesdae hoor mens baie min daarvan en dink ek ons moet meer stories vertel.

Op 'n meer praktiese nooit het daar 'n versoek vanaf die gemeente uitgegaan om deur middel van aftrekorders of elektroniese betalings bydraes direk in die sendelinge se rekeninge te betaal. Nie net vergemaklik dit die hele proses nie, maar spaar dit ook ekstra administrasie en het sendelinge dan ook 'n beter idee van die oorsprong van bydraes. Ons grootste probleem, en ons deel dit met vrymoedigheid is die inkonsekwentheid van bydraes gedurende vakansietye en maande met langnaweke. Dit maak enige beplanning baie moeilik.

Ons wil egter almal bedank wat bydrae deur middel van die GBO sisteem, of op ander maniere. Ons is aan die ontvang kant van julle opofferinge en waardeer dit.

10DES EN OFFERGAWES Die volhoubaarheid van die ondersteuning-sisteme vir sendelinge is altyd in die gesprekke oor sending een van die prominentste onderwerpe. Daar is baie suksesverhale en dan is daar ook die minder suksesvolle verhale. Ons het goed gedink om dalk weer in hierdie nuusbrief enkele van die beginsels wat volhoubaarheid aan die hand werk te besoek. Die term wat algemeen gebruik word om te verwys na gee van geld vir sendingwerk, is offers. Dit word algemeen aanvaar as die manier hoe bygedra word vir die werk van die Here buite 'n kerk se grense en die gee van tiendes, vir die werk van die Here binne gemeentes se grense.

Alvorens ons meer sê oor die gee van offers wil ons net een en ander sê oor die gee van tiendes sonder om enigsins in enige teologiese debat daaroor betrokke te raak. Ons deel graag ons praktiese ervaring in die verband en lê die oplossing vir ons in wat ons gesien en gehoor het wat werk. Daar is verskillende uitgangspunte oor die gee van tiendes wat wissel van die wettiese aan die een punt van die spektrum waar dit 'n wet word wat afgedwing word tot die vrye keuse aan die ander kant van die spektrum waar die besluit of dit 'n tiende moet wees of nie die individu se persoonlike keuse is. Daar is bitter min verwysings in die Nuwe Testament na die gee van tiendes, wat dit moeilik maak om daar duidelike riglyne te vind.

Wat wel algemeen aanvaar word is dat dat die Nuwe Testament die gee van tiendes nie verpligtend maak nie. Hoe dan nou? In die Ou Testament was die gee van tiendes net een van nog baie wette, en dit was 'n baie lang wet, of was dit nou 'n klipharde wet, sienende dat hulle nie papier gehad het nie. In die Nuwe Testament verskuif die fokus weg van al die wette en tablette na Christus, en wat hy vir ons kom doen het. Hy het die straf vir die verbreking van al die wette in die Ou-Testament tot niet gemaak is ons al geleer die dag toe ons die eerste keer in doeke die kerk ingedra is. In Christus het baie baie dinge kom verander. Ook die gee van tiendes. Dit was nie nou meer 'n stel wette wat ons leefstyl kom bepaal het nie maar die feit dat ons 'n besonderse verhouding met 'n baie spesiale persoon het. Dis 'n liefdes verhouding van 'n ander aard en daarom is daar sekere dinge wat ons baie graag wil doen nie omdat dit van ons verwag word nie maar omdat ons baie graag wil. Dis 'n ander tipe liefde as die vlinders in jou maag liefde. As jy vir iemand lief is dan doen jy graag dinge om daardie persoon te behaag. Hou vir William en Kate bietjie dop. Nog meer dan vir Christus. Daarom gee ons ons hele lewe vir Hom, tot Sy beskikking. Dit word 'n

paar ander vertakkings binne die organiese bedryf waaraan ons werk, naamlik akwakultuur en hidrokultuur en die kombinasie daarvan waarvoor daar nog nie 'n Afrikaanse woord is nie. Dit is meer ingewikkelde metodes om kos te produseer, maar die prinsipe is redelik eenvoudig. Ons hoop om voor die einde van die jaar werkbare prototipes reg te hê wat ons dalk kan dupliseer. Verder ondersoek ons ook die moontlikhede om bobejaan bestande net-huise op die plaas te vestig vir groente verbouing. Nie as 'n komersiële inisiatief nie, dit sal 'n bonus wees, maar eerder as 'n leergeleentheid vir ons en ander mense. Sugnet se ouers het juis as gevolg van die bobejaan probleem feitlik ophou boer. Sover is daar nog nie werkbare oplossings vir die probleem nie. Dis eintlik 'n ramp vir hulle.

Gebed. Ons is steeds betrokke met die koordineering van plaaslike gebedsnetwerke en help ons om nasionale strategië soos "Fire Trials" te implementeer. Ons kry nou en dan uitnodigings vir toerusting oor gebed en kry Sugnét uitnodigings na vroue groepe om oor gebed te praat. Na "Fire Trials" wat die 4e Maart begin in Kaapstad is die volgende inisiatief die 10 dae van gebed tussen Hemelvaart en Pinkster Sondag op 12 Junie. Die plan is om kerke te mobiliseer om beurte te maak om aan 'n 24/7 gebedswag deel te neem in ons kerksaal gedurende hierdie tyd. Ons doen nog huiswerk in die verband en sal meer nuus hê in die volgende nuusbrief.

Evangelisasie. EE3 het skielik weer lewe gekry in Uitenhage en is daar onlangs 'n kursus aangebied wat deur 5 kerke se lidmate bygewoon is. Ek het die kort kursus "Share Your Faith" weer bygewoon net om my geheue te verfris. Ons vertrou die kursus gaan die katalisator wees vir gesamentlike uitreike tussen die kerke die jaar. Ons is nie betrokke daarby nie, maar ander kerke is weer besig met die "Every Home for Christ" uitreike. So dit lyk asof daar 'n nuwe erns is by kerke om uit te reik na mense se geestelike nood. Daar is so stilstil 'n invloei van Pakistanies, Somaliërs, Egiptenare en wat ons vermoed Etiopiërs is, in die dorp. Hoe bereik mens hulle? Dalk is dit die verkeerde vraag. Eerder hoe bevriend mens hulle? Ons het geen idee nie. Dalk weet julle?

Transformasie. Ander nuus is dat die Argentyne se besoek eers op die ys is, waarskynlik as gevolg van kostes, maar ons bly in gereelde kontak met hulle en glo ons dat ons iewers in die jaar geleentheid gaan hê om by mekaar uit te kom vir 'n uitreik. Waar ons kan, ondersteun ons steerds die gesamentlike inisiatiewe wat transformasie ten doel het.

Die Armoede Waagstuk

So nou en dan wanneer ek kans kry gaan snuffel ek in die plaaslike Biblioteek om te sien watter dokumente die Munisipaliteit vir publieke insae beskikbaar stel. Baie van die dokumente is maar "boring" leesstof maar daar is ook baie keer baie relevante inligting wat ons almal raak. Baie van die dinge wat die Munisipaliteit doen en wat ons kwansuis nie oor ingelig is nie, is tog vir publieke insae beskikbaar, soos die hersonering van groen areas wat al baie kritiek uitgelok het omdat inwoners te laat daarvan uitgevind het. In elk geval die dokument wat my oog gevang het was die 2009/2010 jaarverslag van die Munisipaliteit. So dik soos Gauteng se Geelbladsye. Baie van die inligting is seker meer relevant vir die DA, maar gee hulle ook statistiek oor die bereiking van hulle doelwitte, werkloosheid, armoede, mediese sorg en die voorsiening van dienste.

Aan die positiewe kant is die Munisipaliteit sterk oppad om agterstande in behuising, die voorsiening van lopende water en riolering uit te wis binne die afsienbare toekoms. Aan die negatiewe kant loop daar R145m se water elke jaar in die see in. Sowat 'n derde van die Metropool se jaarlikse verbruik. Meer relevant vir ons is die syfers oor die inkomste per huishouding. Die mense wat lank genoeg stil gesit het toe hulle getel is was 1 139 032. Dis nou in die hele Metropool. Wat makliker is om te tel is die huishoudings, in totaal 373 266. Die syfers oor inkomste word weergegee volgens huishoudings en nie individue nie en dis 'n baie nare storie. 21,6% van huishoudings het geen inkomste nie, 36,1% van huishoudings se inkomste is minder as R1600 per maand, 35,1% van huishoudings het 'n inkomste van tussen R1600 en R12 800 en slegs 6,4% van huishoudings verdien meer as R12 800. Waar trek ons nou? Daar is nog 'n syfer of wat oor na die desimaal en dis die baie gelukkige klompie wat meer as R51 000 per maand verdien.

Hierdie syfers is al 'n paar jaar oud maar word bevestig deur meer onlangse opnames uit ander bronne. Na alle waarskynlikheid het die situasie verder versleg in die lig van die 100 000 werksgeleenthede wat verlede jaar in die Oo-Kaap volgens 'n onlangse berig in die Burger in die slag gebly het. Vereenvoudig mens bogenoemde syfers dan kan mens rofweg sê dat 1 in elke 5 huishoudings geen inkomste het nie. 'n Verdere 2 huishoudings uit elke 5 oorleef op minder as R1600 per maand en die twee huishoudings wat oorbly verdien tussen R1600 en R12 800 per maand. Die huishoudings wat meer as dit verdien raak eintlik irrelevant in die lig van die massa. Dis 'n hol kol op jou maag syfers hierdie. Kyk mens na die groter prentjie lyk dinge in van die ander streke beter maar die algemene prentjie glad nie. Die regering se besorgdheid oor die stand van armoede is 'n riem onder my hart maar

met hulle oplossing is hulle baie hard besig om welvaart te verdeel, en nie om welvaart te skep nie. Welvaart sê die slim ouens word geskep deur 'n produk uit rou materiaal te vervaardig en te verkoop teen 'n wins. Dit sluit ook voedsel in. Pogings om die vervaardigings sektor te stimuleer het die teenoorgestelde uitwerking omdat arbeidswetgewing dit baie moeilik maak om die regte persoon op die regte plek te kry, en as jy eers die verkeerde pesoon op die verkeerde plek het kry jy hom nie weer daaruit sonder dat hy self loop nie, amper soos 'n rugby afrigter. Besighede, die melkkoei van die Ontvanger is daarom, lyk dit vir my, glad nie in die bui om produksie uit brei, meer mense in diens te neem en so welvaart te skep nie. En as ons land nie welvaart skep nie, skep ons armoede. Hoekom ek nou dit alles hier vertel weet ek self nie, maar voel ek ten minste beter as meer mense my besorgdheid deel. Ons stuur op 'n groot penarie af. Die woordeboek veklaar 'n penarie as "geldsorge", nogal in die kol!

Maar waar laat dit ons hier waar ons bly? Hier kom elke dag mense hier by die huis aan wat gewoond geraak het aan een maaltyd per dag en dan is daar ook die wat vir langer as 'n dag nie ge-eet het nie, en dan is daar natuurlik ook die wat lankal opgehou eet het! De Mist Gemeente se sopkombuis bars uit sy potte en so ook die ander sopkombuise in die dorp en die townships en die kinders wat skool toe gaan sonder post-toasties raak al hoe meer. Hier is nie ruimte hier om oor al die oplossings te besin nie. Wat ons en almal besef is dat ons as die Kerk voor enorme uitdagings te staan gekom het waarvoor daar menslik gesproke nie 'n oplossing is nie. Maar iewers moet en kan mens iets doen. Hier is 'n paar praktiese riglyne: wees maar selektief as jy iemand help, nie almal wat kom aanklop vir hulp is honger nie, moet nooit geld gee nie, moet nooit iemand innooi nie, verwys hulle na die naaste sopkombuis as daar een is en gee vir hulle die inligting soos die die tye en dae, hou 'n paar rou produkte soos meel, tee en suiker, sunlight seep en 'n toilet rol of twee aan vir die wat dit regtig nodig het. Goeie toilet papier kos net R2-50 'n rol by die fabriek in Durban Straat. Tandepaste is geldmors het ons agter gekom. Blikkies kos het ons uitgevind word vir drank hier om die hoek omgeruil. Hou traktaatjies in verskillende tale byderhand. Daar is van hulle wat dit lees. Van hulle waardeer gebed. Van hulle soek regtig werk. Van hulle vra ook Bybels, en komberse in die winter. En ja as jy kwaad word haal diep asem, 'n paar keer. En bietjie verder weg van jou voordeur... As jy 'n baie groot smile wil sien gee vir daai irriterende kar wag in die midde dorp volgende keer 'n tien rand in plaas van 'n twee rand. Baie sterkte. Armoede is 'n waagstuk!